

25 November

Skrifgedeelte: Titus 1:1-9  
Fokusgedeelte: NGB, Art 30

### Die kerkraad sorg dat die ware godsdien onderhou word

Die Kretensers het 'n slegte naam in die wêreld van die Nuwe Testament gehad. Hulle was berug as "leuenaars, ongediertes en lui vrates" (vers 12). Tog het God uitverkore kinders onder hulle gehad en sorg Hy dat sy genade en vrede ook hulle bereik (vers 4). Verder sorg God vir kerkraadslede (ouderlinge) (vers 5) wat kan toesien dat godsdien sy goeie vrug onder hulle kan dra. Oor kerkraadslede moes daar die volgende mooi getuigenis wees:

Hulle HUISLIKE LEWE moes aan God toegewy wees. Hulle verhouding met hulle huweliksmaats en hulle kinders moes gelowig wees (vers 6).

Hulle OPENBARE LEWE moes van goeie reputasie wees. Die vyf eienskappe wat kerkraadslede nie moet hê nie (vers 7) en die ses wat hulle wel moet hê (vers 8), dui op mense wat God se eer soek en die belange van hulle naaste vooropstel.

Die GEESTELIKE LEWE van hierdie mense moes in die Woord van God geanker wees. Hulle moes God se Woord só geken het dat hulle hulle medegelowiges kon bemoedig en teenstanders kon weerlê (vers 9).

Kerkraadslede se take in die onderhouding van godsdien kan afgelei word uit drie begrippe waarmee Paulus hulle beskryf: "ouderling" (letterlik: "voorganger") (vers 5) wat dui op ervaring en bereidheid om leiding te neem; "ouderling" (letterlik: "opsiener") (vers 7a) wat dui op toesig oor en begeleiding van mense se persoonlike verhouding met God; en "bestuurder" (letterlik: "ekonoom") (vers 7b) wat dui op betrokkenheid by die daaglikse organisasie en administrasie van 'n gemeente.

Die kerkraadslede het 'n groot taak. Dink aan hulle in jou gebede en werk met hulle saam. Dan sal genade en vrede as goeie vrug van die godsdien ook in jou lewe sigbaar word (Heb 12:17).

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*